



“Ek is weer heel.” Anette Venter wys die plastiekbors wat sy moes dra nadat haar regterbors weens borskanker verwyder moes word. Intussen is dié bors danksy ’n baanbrekerprosedure opgevol.

ALS WEER NETJIES!

Sy't haar een bors weens kanker verloor, maar in 'n eerste vir Suid-Afrika is dit met vet en stamselle weer opgevul

Deur PIETER VAN ZYL Foto's: CORRIE HANSEN

MET die intrapslag by die voordeur wys sy al 'n foto op haar selfoon. Die vrou daarop lyk afgemat met 'n lakenwit gesig en kaal kop weens

kankerbehandeling.

“Kan jy glo dis ek?” vra Anette Venter (55) en verduidelik: “My dogter het dit geneem toe ek op my siekste was.”

Nou lyk sy stralend. Nie net het sy borskanker oorwin nie; danksy 'n nuwe, eksperimentele behandeling met stamselle voel sy ook weer pure vrou.

“Kyk hoe netjies sit my toppie nou. Die regterkant van my lyf hang nie meer nie. Ek het weer 'n vol bors aan daardie kant,” wys sy trots.

Haar regterbors is tydens 'n mastektomie verwyder om die kanker te stuit.

Daarna het Anette soos 'n halwe vrou gevoel, tot sy onlangs die eerste Suid-Afrikaner was wat met 'n baanbrekerprosedure weer “heel” geword het.

Van haar vet is met stamselle verryk en by die Universiteit Stellenbosch se Tygerbergkampus in albei borste ingespuut om te sorg dat hulle ewe groot is.

“Ek onthou toe ek die dag ná vier uur in die operasiesaal weer bykom. Ek was vol gaatjies waar die vet ingespuut is. Dit het gelyk of ek in 'n ongeluk was. Maar toe ek afkyk en sien hoe mooi my nagklere selfs sonder 'n bra sit, was alles die moeite werd. Die bors wat weens bestraling so hard geword het, is nou weer sag.”

Haar man, Ben, met wie sy al byna 25 jaar getroud is, was net so in sy noppies. “Dit lyk pragtig,” was sy eerste reaksie. Toe borskanker nege jaar gelede by Anette gediagnoseer is, het hy gebid dat sy volkome genes sal word en weer volledig mens sal voel. Hierdie wonderwerk het gebeur danksy 'n prosedure wat in Suid-Afrika nog net by die Tygerberg-hospitaal in Bellville uitgevoer word as deel van 'n navorsingsprojek.

Vet is met liposuiging uit ander dele van haar lyf, soos haar bene en maag, verwyder en toe met stamselle gemeng en in haar borste gespuut.

“Ek het nie net weer mooi borste nie, maar ook dunner bene,” spot Anette. “Die dokter het ook vet by my voorkop en om my oë ingespuut. Kyk, daar is nie meer plooië nie.”

Hy is bly sy vrou is weer gesond en gelukkig, sê Ben, 'n gehaltebestuurder by 'n ingenieursfirma op Saldanha aan die Weskus.

“Sy is 'n bewys daar is hoop. Kanker is nie 'n doodsvonnis nie. Dit kan ook 'n nuwe begin wees,” voeg Ben by.